# Hiernamaals

wat sê die Bybel?

## 2: VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

1

| | | | |
|---|---|---|---|
| **253: Die koning van die skerpioene in Openbaring** | | | |
| Beëlsebub | Abaddon | Herkulon | Legion |
| **254: Die aantal vrystede waargeen iemand wat per ongeluk moord gepleeg het, kon vlug** | | | |
| 3 | 4 | 5 | 6 |
| **255: Josua se eerste naam** | | | |
| Hosea | Nun | Sakkur | Hori |
| **256: Voltooi die sin: Gaan in deur die ________________poort.** | | | |
| Breë | Nou | Ware | Oop |
| **257: Wat het gebeur die oomblik toe Jesus sterf?** | | | |
| Daar was 'n aardbewing | Daar was oorstromings | Die voorhangsel het geskeur | Daar was 'n aardbewing en die voorhangsel het geskeur |
| **258: Watter evangelie verhaal die besoek van die wyse manne?** | | | |
| Matteus | Markus | Lukas | Johannes |
| **259: Hy is nie een van die 12 dissipels nie** | | | |
| Filippus | Silas | Tomas | Taddeus |

2

| 253: Die koning van die skerpioene in Openbaring | | | |
|---|---|---|---|
| Beëlsebub | B: Openbaring 9:11 | Herkulon | Legion |

| 254: Die aantal vrystede waargeen iemand wat per ongeluk moord gepleeg het, kon vlug | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | 4 | 5 | D: Numeri 35:13 |

| 255: Josua se eerste naam | | | |
|---|---|---|---|
| A: Numeri 13:16 | Nun | Sakkur | Hori |

| 256: Voltooi die sin: Gaan in deur die ________________poort. | | | |
|---|---|---|---|
| Breë | B: Matteus 7:13 | Ware | Oop |

| 257: Wat het gebeur die oomblik toe Jesus sterf? | | | |
|---|---|---|---|
| Daar was 'n aardbewing | Daar was oorstromings | Die voorhangsel het geskeur | D: Matteus 27:51 voorhangsel het geskeur |

| 258: Watter evangelie verhaal die besoek van die wyse manne? | | | |
|---|---|---|---|
| A: Matteus 2 | Markus | Lukas | Johannes |

| 259: Hy is nie een van die 12 dissipels nie | | | |
|---|---|---|---|
| Filippus | B: Matteus 10:2+ | Tomas | Taddeus |

3

# Waarom is tyd belangrik?

1 Johannes 3

6 Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen
wat sondig, het Hom nie gesien en Hom
nie geken nie. 7 My kinders, laat niemand
julle mislei nie: wie die geregtigheid doen,
is regverdig soos Hy regverdig is. 8 Hy wat
die sonde doen, is uit die duiwel, want die
duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie
doel het die Seun van God verskyn, om
die werke van die duiwel te verbreek.


6 Iemand wat in Hom bly, hou nie aan
met sondig nie; iemand wat aanhou
sondig, het Hom nie gesien nie en ken
Hom nie.
7 Liewe kinders, moenie dat iemand julle
mislei nie: wie regverdig lewe, is
regverdig soos Hy regverdig is; 8 wie
aanhou sonde doen, behoort aan die
duiwel, want die duiwel hou van die
begin af aan met sondig. En die Seun
van God het juis gekom om die werk van
die duiwel tot niet te maak.

Sondig? Ons sondig! Het ek die duiwel as vader? Beteken dit dat ek nie gered is nie?

Aanhou sondig! 'n Groot verskil! Die oorspronklike Griekse werkwoord dui 'n voortdurende handeling aan.

Dit kan dus belangrik wees vir die verstaan van 'n vers om te kyk na die oorspronklike tale – wat jou predikant bestudeer het.

4




| | | |
|---|---|---|
| ★ | Eenmalig | Kain vermoor Abel |
| | Duur 'n tyd lank, het 'n begin en einde | Reën 40 dae en 40 nagte |
| → | Gebeurtenis met gevolge oor tydgrens | Amnon verkrag Tamar. 4 Jaar later vermoor Absolom hom. |
| → | Gebeurtenis met gevolge wat oor al die tye strek | Adam en Eva eet verbode vrugte. |

In Hebreeus (Ou Testament) en Grieks (Nuwe Testament) is daar 'n baie komplekse manier om 'n werkwoord se tyd uit te druk. Dit word aan die stam (kern) van die werkwoord gevoeg deur klein voor- en agtervoegsels, wat die tye aandui. Dis een aanmekaar woord.
In die oorspronklike take kan dan 'n eenmalige gebeurtenis voor, tydens of na 'n ander gebeurtenis uitgedruk word.

Hoewel dit soms lomp vertaal is dit belangrik om die verloop van gebeurtenisse reg te verstaan.

5

## 1. Skryf uit Psalm 116 neer wat die volgende aandui:

Verlede:

Verse 2 – 4, 8, 9

Die Here het hom in die verlede geredHy het na my geluister toe ek Hom aangeroep het.

Hede:

Verse 1, 5 – 7, 10, 11, 15, 16

- Omdat hy verlos is, ervaar hy nou die Here se liefde, beskerming, goedheid
- Hy vrees nie die dood nie
- Hy dien die Here.
- Hy loof die Here

Toekoms:

Verse 12 – 14, 17 – 19

Uit die verlossing en die huidige sorg wil hy in die toekoms die Here loof en dien.

6

## 2. Skryf uit Psalm 73 neer wat die volgende aandui:

Verlede:

Verse 2, 21 – 25

Hy ervaar die negatiewe in die verlede, wat hom na die Here gelei het

Hede: Verse 1, 4 -20, 27

Hy ervaar nou die voorspoed en die negatiewe van die Goddelose, wat hom afstoot – en in die proses nader bring aan God

Hulle uiteinde is ondergang, syne die lewe met God

Toekoms:

Verse 15, 26 – 28

Uiteindelik moet hy nou kies waar hy uiteindelik gaan beland. Hy kies die Here!

7

## 3. Skryf uit 1 Tessalonisense 5 neer wat die volgende aandui:

Verlede: 10

Christus het in die verlede gesterf, met die effek op die hede: om saam met Hom te lewe.

Hede: 3 – 8; 9 – 11; 12 – 22; 24; 25 – 28

Ons het die lig (genade om te weet wat reg en verkeerd is)

Ons is seker van ons geloof

Ons het die regte lewenswyse.

Ons gee om vir hulle wat swakker is as ons

Ons bou mekaar in die geloof.

Ons bou ook ons eie geloof

Toekoms: 1, 2; 23;

Jesus kom weer – onverwags.

Die wederkoms is seker.

8

# Beproef alle dinge; behou die goeie.

*12 Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle*
*vermaan; 13 en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar.*
*14 En ons versoek julle, broeders, vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoedige, ondersteun die*
*swakkes, wees lankmoedig teenoor almal. 15 Sorg dat niemand 'n ander kwaad vir kwaad vergeld nie; maar*
*jaag altyd ná wat goed is, teenoor mekaar sowel as teenoor almal.*
*16 Wees altyddeur bly. 17 Bid sonder ophou. 18 Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus*
*Jesus oor julle.*
*19 Blus die Gees nie uit nie. 20 Verag die profesieë nie. 21 Beproef alle dinge; behou die goeie. 22 Onthou julle*
*van elke vorm van kwaad.*

Lees ***ALTYD*** 'n teks in konteks

Onthou: Paulus skryf nie in verse of hoofstukke nie

Dit gaan dus hier oor die Heilige Gees wat voorgangers (predikers) gebruik om te vermaan. Dis is profesie (so sê die Here). Beproef (toets) alles wat die voorganger sê aan dit wat die Heilige Gees sê. Behou dit. Moenie kwaad doen (verkeerd reageer op die prediking) nie.

9

## 4. Wat beteken "eskatologie"?

Die leer van die eindgebeure

## 5. Waarom is dit noodsaaklik om 'n studie te maak van die einddinge?

Ons besef dat daar iets moet gebeur as ons dood gaan. Ons mag nuuskierig wees. Die beste plek om die regte antwoorde te kry is die Woord van God

## 6. Watter invloed het die eindgebeure op ons lewe vandag?

Ons bely 'n ewige lewe. Antwoord 58: *Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys.*

10